



1

# education

Department of  
Education  
FREE STATE PROVINCE

**PREPARATORY EXAMINATION**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**SEPTEMBER 2015**

**PUNTE: 100**

**MEMORANDUM**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

## **ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**

### **AFDELING A: OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

### **NASIENRIGLYNE:**

#### **DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL:**

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekend gestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is die menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit.

## VRAAG 1

### Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die nasiener beoordeel die inhoud voor hom/haar aan die hand van die rubriek. Die leerder bied enige tipe opstel aan met die volgende **moontlikhede**:

1.1	Hierdie onderwerp leen hom veral tot 'n <b>verhalende opstel</b> waarin vertel word wat gebeur het dat sy/haar/hulle lewe vinnig verander het – dit kan positief of negatief wees. Dit kan ook 'n <b>beskrywende opstel</b> wees as beskryf word hoe alles verander het. In 'n <b>bespiegelende opstel</b> kan die fokus val op die emosies terwyl hy/sy sy/haar eie lewe in oënskou neem na die verandering.
1.2	In 'n <b>beskrywende opstel</b> sal dié ongewone besoeker met sy eienskappe of karaktertrekke beskryf word of wat hy op die strand doen - dit kan letterlik iemand wees wat die verteller om een of ander rede onthou as gevolg van eienaardige/ongewone gewoontes of optrede. Dit kan ook 'n <b>verhalende opstel</b> wees waarin die fokus op die ongewone karakter val. Dit is egter belangrik dat dié spesifieke karakter in hierdie onderwerp uitgelig word.
1.3	'n <b>Verhalende opstel</b> kan vertel van 'n eerste jaguitstappie en sy/haar ervaring daarvan, of 'n jaguitstappie saam met vriende, familie of jou pa. 'n <b>Beredenerende opstel</b> kan fokus op renosterstropery of geblikte jag. In 'n <b>bespiegelende</b> inhoud kan daar selfs bespiegel word of die mens paraat en weerbaar moet wees vir die grootmenslewe of uitdagings wat oor sy/haar pad mag kom.
1.4	Kandidate behoort standpunt in te neem en die stelling aan die hand van sinvolle <b>argumente/redenasies</b> bewys. In 'n <b>verhalende opstel</b> kan hy 'n verhaal/gebeurtenis vertel wat aanleiding gegee het hoekom hy tot 'n spesifieke gevolgtrekking ten opsigte van die moderne Afrikaner gekom het. In 'n <b>bespiegelende opstel</b> kan daar oor die moderne Afrikaner bespiegel word in vergelyking met die tradisionele.
1.5	'n Kandidaat kan hierdie onderwerp <b>bespiegelend</b> of <b>verhalend</b> aanbied as hy terugdink aan die sorgeloosheid van sy kinderdae of kindwees; hy kan ook die wens of hunkering uitspreek om weer kind te wees of vertel van sy skooldae, kindwees op die plaas, dorp, vakansies of vertel van 'n gebeurtenis toe hy nog kind was.

1.6	Enige deel van die prikkel kan in die opstel gebruik word, naamlik die tuin, die huis of die ou motor. In 'n <b>verhalende opstel</b> kan 'n (spannende) verhaal aangebied word oor geheime/ongerymdhede wat in die huis of op die werf plaasgevind het. Daar kan vertel word van 'n vakansie by ouma en oupa of vriende of familie. Die onderwerp kan ook <b>bespiegeland</b> of <b>beskrywend</b> wees oor moeilike kinderdag of bure/mense met wie dit nie so goed gegaan het nie. Jy kan ook vertel van 'n museum wat jy besoek het en wat jy alles daar aangetref het.
1.7	Die onderwerp bied oneindige moontlikhede en kan <b>verhalend, bespiegeland of beredenerend</b> aangebied word. Moontlike interpretasies: die dag toe daar sonder brandstof gaan staan is of 'n noue ontkoming toe daar byna sonder brandstof gaan staan is, ook die emosionele "tenk" wat leeg is of skoolloopbaan (of sekere tydperk) wat byna verby is, uitbranding in sport of werksituasie (ooreising), druk wat ouers op kinders plaas, die petrolprys (oorsake of gevolge), ekonomie in SA of die wêreld.
1.8	Hierdie onderwerp leen hom tot 'n <b>verhalende, bespiegelande, beskrywende, beredenerende en argumenterende skryfstuk</b> . Moontlikhede: 'n verhaal kan vertel word oor hoe die persoon letterlik seergekry het. As <b>bespiegelande</b> opstel kan besin word oor innerlike seerkry wat deur pleisters weggesteek word of seerkry as 'n klein seuntjie. Die seun se emosies of gedagtes kan <b>beskryf</b> word. Die kandidaat kan ook <b>redeneer/argumenteer</b> oor skoolboelies, bv. die oorsake, gevolge of hoe dit gehanteer/uitgeroei kan word.

## TOTAAL AFDELING A: 50

### TIPES OPSTELLE:

#### VERHALENDE OPSTEL

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis (-se). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

#### Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies; daarom is inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei.
- 'n Verrassende slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## **BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos die verteller te beleef.

### **Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sinuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag.
- Tekste kan varieer van meer realites na 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees – innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## **BEREDENERENDE OPSTEL**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argument vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed word in die ontwikkeling van die opstel.

### **Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waarvoor standpunt ingeneem word, alreeds tydens die inleiding.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud moet oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word bereik in die slotparagraaf wat aansluit by die inleiding.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## **BESPIEGELENDEN OPSTEL**

Die skrywer oorweeg, deurdink 'n idee/leuenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Bespiegel oor 'n droom of wense.

### **Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- 'n Eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## **ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer. Dit is 'n subjektiewe opstel.

### **Hou die volgende in gedagte:**

- Kan subjektief wees en definitiewe opinies moet gestel word.
- Gee eie mening op oorspronklike wyse.
- Gee 'n reeks argumente om perspektief te motiveer.
- Konsentreer op argument om perspektief te motiveer.
- Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke.
- Sterk gevoelstaal.
- Duidelike en oortuigende slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## **AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

TWEE SKRYFSTUKKE MOET IN AFDELING B GEDOEN WORD. (2 x 25 = 50)

### **NASIENRIGLYNE:**

#### **VRAAG 2**

##### **2.1 BRIEF AAN DIE PERS**

###### **Hou die volgende in gedagte:**

- Die brief word aan die pers geskryf om 'n standpunt in te neem. Die kandidaat moet *sy/haar gevoel of ervaring van so 'n fees/feeste op skrif stel – dit kan positief of negatief of albei wees.*
- Die inhoud moet saaklik en bondig wees.
- Die taal, styl en register sal formeel wees.
- Dit is bloot 'n geleentheid om 'n saak te stel.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.
- Die formaat van die brief moet korrek wees: adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opskrif/doel, paragraawe, afsluiting.
- Die datum word voluit geskryf, bv. 20 September 2015.
- Die brief aan die pers word altyd aan die redakteur gerig.
- Die doel van die brief word in hoofletters geskryf OF dit kan in kleinletters geskryf en dan onderstreep word. Dit moet die essensie van die brief saamvat.
- Sluit af met 'n treffende slotparagraaf, soos in 'n toespraak.
- Die brief kan met “Die uwe” afgesluit word.
- Die brief sal net gepubliseer word as die sender se regte naam en volledige adres gegee word.
- Wanneer 'n skuilnaam gebruik word, word dit eerste aangebring en dan die sender se regte naam en handtekening. Sonder 'n skuilnaam word die handtekening eerste aangebring en dan die sender se regte naam.
- Let op die streep wat onder die skuilnaam getrek word – dit verseker dat die regte naam nie gepubliseer word nie.

## 2.2 HULDEBLYK

### Hou die volgende in gedagte:

- Gebeurtenisse of staaltjies oor die oorledene kan gegee word.
- Persoonlike herinneringe van wat die klasmaat vir jou/of ander maats beteken het, kan gegee word.
- Prestasies of hoogtepunte uit die klasmaat se lewe kan ook gegee word.
- Die leser moet 'n duidelike beeld van die klasmaat kan vorm.
- Die familie kan ook vertroos word.
- Die taal, styl en register is formeel en moet by die huldeblyk pas.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 2.3 ARTIKEL

'n Artikel is 'n skryfstuk wat oor 'n bepaalde onderwerp geskryf word. Dit word in 'n tydskrif gepubliseer – in hierdie geval 'n tienertydskrif. Die artikel moet die leser inlig oor hoe ware sukses in die lewe behaal kan word.

### Hou die volgende in gedagte:

- Daar is 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Feite kan opspraakwekkend wees.
- Bedrywende vorm kom ook in die skryfstuk voor.
- Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees.
- Die artikel word nie in die eerstepersoon aangebied nie.
- Die teikengroep moet in gedagte gehou word: in hierdie geval 'n tienertydskrif.
- Die artikel kan in paragrafe of in kolomme aangebied word.
- Aanhalings kan gebruik word.
- Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit. Dit moet ook kort en kragtig wees en die leser moet dadelik geïntereeserd wees.
- Die res van die inligting word daarna in dalende orde van belangrikheid gegee.
- Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.



## 2.4 RESENSIE

Die resensie fokus op die vakansieoord.

### Hou die volgende in gedagte:

- Regverdig, eerlike evaluering van die oord is noodsaaklik.
- Om objektiwiteit te handhaaf, word die resensie verkieslik in die derde persoon geskryf,
- Die inhoud moet voldoende feite bevat om die leser te oorreed om standpunt in te neem.
- 'n Gepaste titel gee 'n aanduiding van die skrywer se mening.
- Die vakansieoord se naam en ligging word verskaf.
- 'n Algemene indruk van die oord word gegee bv. wat alles daar aangetref word, wat daar gedoen kan word, asook die standaard daarvan.
- Die slotparagraaf gee die resensent se laaste indrukke en aanbeveling van die spesifieke oord.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 2.5 NOTULE

'n Notule is die verkorte, geskrewe verslag van alle besprekings op 'n vergadering.

### Hou die volgende in gedagte:

- Dit moet 'n lid wat nie teenwoordig was nie, 'n idee gee van wat by die vergadering gebeur het.
- Alle besluite moet genotuleer word.
- In 'n geskrewe notule word die verskillende opskrifte onderstreep.
- Die notule word altyd in die teenwoordige tyd geskryf.
- Gebruik kort sinne.
- Die notule stem puntsgewys met die agenda ooreen.
- Taal en styl is formeel.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## 2.6 ONDERHOUD

Die onderhoud word met die uitruilstudent van Nederland gevoer oor sy/haar verblyf en ervarings gedurende die tydperk in julle skool en die land.

### Hou die volgende in gedagte:

- Die onderhoud kan in 'n vraag-antwoord-formaat **OF** dialoogformaat aangebied word.
- Formaatvereistes van die onderhoud en/of dialoog moet streng toegepas word: geen aanhalingstekens nie; neweteks kan toegelaat word.
- Die kern van die gesprek moet die verblyf en ervarings wees.
- Die vrae wat aan die uitruilstudent gestel word, is duidelik en kort.
- 'n Reël word na elke spreekbeurt oopgelaat.
- Die taal, styl en register is informeel.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING B: 50**  
**GROOTTOTAAL: 100**

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]**

Kriteria		Uitsonderlik 28–30	Knap 22–24	Gemiddeld 16–18	Elementêr 10–12	Onvoldoende 4–6
<b>INHOUD &amp; BEPLANNING</b>  (Respons en idees) Organiserings van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks  30 PUNTE	Hoë vlak	-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idees redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idees onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
		Lae vlak	25–27	19–21	13–15	7–9
	-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idees intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot		-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idees relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idees redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idees begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)**

<b>Kriteria</b>		<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
<b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b>  Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika, spelling  <b>15 PUNTE</b>	<b>Hoë vlak</b>	<b>14–15</b> -Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	<b>10–11</b> -Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	<b>6–7</b> -Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	<b>2–3</b> -Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	<b>0</b> -Taal onverstaanbaar -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
	<b>Lae vlak</b>	<b>12–13</b> -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	<b>8–9</b> -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	<b>4–5</b> -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	<b>0–1</b> -Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
<b>STRUKTUUR</b>  Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie  <b>5 PUNTE</b>		<b>5</b> -Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	<b>4</b> -Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	<b>3</b> -Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog effens sin	<b>2</b> -Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog sin	<b>0–1</b> -Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie
	<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>		<b>40–50</b>	<b>30–39</b>	<b>20–29</b>	<b>10–19</b>

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]**

<b>Kriteria</b>	<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
<p><b>INHOUD, BEPLANNING &amp; FORMAAT</b></p> <p>Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks</p> <p><b>15 PUNTE</b></p>	<p><b>12–15</b></p> <p>-Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idees intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat</p>	<p><b>9–11</b></p> <p>-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute</p>	<p><b>6–8</b></p> <p>-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute</p>	<p><b>4–5</b></p> <p>-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan</p>	<p><b>0–3</b></p> <p>-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie</p>
<p><b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b></p> <p>Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling</p> <p><b>10 PUNTE</b></p>	<p><b>8–10</b></p> <p>-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos</p>	<p><b>6–7</b></p> <p>-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos</p>	<p><b>4–5</b></p> <p>-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie</p>	<p><b>2–3</b></p> <p>-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer</p>	<p><b>0–1</b></p> <p>-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaaie met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer</p>
<p><b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b></p>	<p><b>20–25</b></p>	<p><b>15–19</b></p>	<p><b>10–14</b></p>	<p><b>5–9</b></p>	<p><b>0–4</b></p>